*Dinsdag* **19 Augustus**

**Skrifgedeelte: Jesaja 11:11-16**
**Fokusgedeelte: Jesaja 11:12, 16**
**’n Banier sal verrys om bymekaar te bring**

Die HERE Self sal sy volk verenig in hulle terugkeer na hulle land wanneer Hy die Banier sal laat oprys bo al die volke en nasies. Hy sal alle tweespalt en verdeeldheid wegneem sodat Juda en Israel weer verenig, so sal Hy die oorblyfsel saamvoeg. Die oorblyfsel van die ballinge sal weer in Jerusalem vergader.

Eendragtig sal hulle weer die grondgebied van Israel uitbrei na alle kante, na die ooste en die weste, soos dit in die tyd van koning Dawid was. Die terugkeer van die oorblyfsel is die tweede intog – die eerste was aan die einde van die woestynreis vanuit Egipte, en hier die tweede maal as hulle terugkeer uit die Babiloniese ballingskap.

In die Nuwe Testament sien ons dat hierdie belofte aan Israel (Jes. 11) oorgaan op die Nuwe Testamentiese kerk (Gal. 3:7; Ef. 2:19-22; Rom 11:17-24) met die hemelse Jerusalem as versamelplek (Fil. 3:20; Heb. 12:22-24). So bly die verband tussen die profesie en die belofte bewaar. Christus Jesus kom Self na sy mensegestalte uit Israel gebore, so ook die apostels en die eerste gemeente te Jerusalem.

Die verband van verkiesende genade (Rom. 11:1-5) en die vervulling van God se belofte deur die profeet uitgespreek, vind ons met die inenting van die wilde olyftak op die mak olyfboom (Rom. 11:17) en gaan die profesie in vervulling in die Ryk van sy heerlikheid wat uiteindelik die nuwe aarde sal omvat.

Die voltooiing van die profesie vind ons heengewys in die heilsopenbaring, naamlik dat die kerk van die Here met Christus se eerste koms in beginsel en met sy tweede koms in volkomenheid openbaar word.

So beleef Israel, maar ook elke kind van God deur die eeue heen, dat Hy ons weë só rig dat deur alle teleurstelling en terugslae ons met vertroue en sekerheid ons op Christus kan rig.

*Sing: Skrifberyming 18-7:1, 10*

*Ds. JE (Blok) Franck (Emeritus)*